

Publication: Beeld, Saturday (Sport)
Publication Date: 25 Aug 2018
Page: 36

AVE: 55110.00
Circulation: 36105
Part: 1 of 1

# Erin: Hou, hart, hou

## Protea vrees vir haar loopbaan

**Annchen Nel**



**Erin Burger vroeër vanjaar in aksie vir Suid-Afrika.** Foto: GALLO IMAGES

**Ek mag glad nie teen 'n hoë intensiteit oefen nie en moet my hartklop onder 120 slae per minuut hou,**

Sy het gedink dit is die einde van haar netballoopbaan, sê die 31-jarige Protea Erin Burger, oor haar maande lange pogings om uit te vind wat met haar gesondheid skort.

Nadat sy verskeie dokters en spesialiste gesien het, het dr. Wouter Basson van Kaapstad bevestig dié Pretorianer het 'n infeksie in 'n hartspier gehad. Sy het gelukkig nie blywende skade opgedoen het, en Burger sal, as alles goed gaan, weer aanstaande jaar kan speel.

"Ek het groot geskrik en gedink dit is die einde van my netbal. Ek het nog 'n bietjie netbal in my. Ek wil graag in die Wêreldbekertoernooi speel en sien hoe die Proteas gevorder het," sê sy.

Dié senterbaanspeler was nog altyd een van die fiksste Proteas. Sy het 104 toetse vir Suid-Afrika gespeel.

Sy sê egter sy wou voor die Statebondspele die fiksste wees wat sy nóg was en het dus harder geoefen. "Ek kon nie asem kry nie. Ek het styf geraak terwyl ek nog op die trapmeul hardloop."

Daar is X-straalplate van haar longe geneem, want die dokter het gemeen daar is inflammasie in die longe. "Ek het kortisoon gekry, maar moes voor die Spele daarmee ophou omdat dit nie goedgekeurde medikasie was nie. Ek kon net 'n gewone asmapompie gebruik om asem te kry.

"Ek is só deur die Spele en toe met die Brutal Fruit-liga kon ek weer nie harder oefen nie."

Statsports se GPS-toestel het gevind dat Burger se hart stres ervaar.

Ná verskeie toetse, onder meer 'n longfunksietoets, 'n hartsonar, bloedtoetse, 'n stres-EKG en 'n MRI is gevind spierweefsel is beskadig en daar is 'n infeksie in 'n hartspier.

"Ek mag glad nie teen 'n hoë intensiteit oefen nie en moet my hartklop onder 120 slae per minuut hou."

Burger sê dit is frustrerend, want sy volg 'n aktiewe lewenstyl en is lief vir die buitelug.

"Maar ek moes aanpas."

Sy besoek die kardioloog weer oor twee maande.

Tot dan hoop dié hulpafrigter dat haar Tuks-span haar hart nie te veel inspanning gee nie.

Tuks begin die verdediging van hul Varsitybeker-titel môre teen die Kovsies.

Burger het drie Wêreldbeker-toernooie op haar kerfstok en hoop om in Julie aanstaande jaar in Liverpool vir haar vierde aan te tree.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.